Landbouweekblad 27 Mei 2016



HOENDERVLEIS

# INVOER, VOER IS KNELPUNTE

**DIE** meeste hoendervleis nóg – gelykstaande aan sowat die helfte van wat plaaslik gelewer word – is vanjaar in Maart ingevoer.

Die pluimveeprodusent Astral het teen dié agtergrond en te midde van drastiese stygings in voerkoste sy halfjaarresultate tot einde Maart bekend gemaak.

Mnr. Chris Schutte, uitvoerende hoof, sê kommer heers oor invoer. Altesame 57 673 ton hoendervleis is in Maart ingevoer.

Amerikaanse hoender het Suid-Afrika vanjaar sonder teenstortingstariewe begin binnekom en Schutte sê hoewel min inligting nog beskikbaar is, lyk dit asof dié invoer bykomend is tot invoer uit die Europese Unie (EU), en nie EU-invoer vervang omdat dit goedkoper is nie.

Die Kommissie vir Internasionale Handelsadministrasie (Itac) het in Februarie met 'n ondersoek na die instel van beveiligingsmaatreëls teen EU-invoer begin. Dit is egter onwaarskynlik dat enige maatreëls voor Oktober vanjaar ingestel kan word.



**BO:** Mnr. Chris Schutte, uitvoerende hoof van Astral, op die bekendmaking van dié groep se halfjaarresultate. FOTO: CARIEN KRUGER

## VERKOOPPRYSE STYG

Verkope in Astral se hoenderafdeling het in die ses maande tot einde Maart met 4,4% gedaal omdat verbruikers swaarkry, sê Schutte. Dit het tot 'n opbou van voorraad gelei. Die wanbalans in vraag en aanbod het weer daartoe gelei dat verkooppryse met net 1,5% gestyg het.

Terselfdertyd het hoenderboerdery baie duur geword weens die droogte, gepaardgaande hoër graanpryse (voerkoste het met 13,9% gestyg) en die swak rand.

Bedryfswins in die pluimvee-afdeling is 45% laer as in die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar. Boere lewer ook sowat 2% minder.

Schutte sê die maatskappy het wel beter gevaar as in vorige moeilike tye. Die inkomste van Astral as geheel was in dié ses maande 1% hoër. Sy bedryfswins en verdienste per aandeel het egter geval met 22% en sy wesensverdienste per aandeel met 23%.

Die prestasie van Astral se voerafdeling het vir moeilike tye in die hoenderafdeling vergoed. Inkomste het met 17% gestyg, verkoopsvolume was 1% hoër en die gemiddelde verkoopprys het met 16% gestyg.

## PEKELHOFSAAK KOM

Schutte sê die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging (SAPV) gaan beslis stappe doen oor die Regering se nuwe perk op die toevoeging van pekelwater tot hoenderstukke – waarskynlik in die vorm van 'n hofsaak.

"Dié regulasies is onwettig en verkeerd, want die hoeveelheid [pekelwater] wat ingespuit word, kan nie gemeet word nie."

Astral gaan ook sy aanbod van kitsbevrore stukke (met die Engelse afkorting IQF) verminder en meer vars vleis produseer. Dié aanbod het in die verslagdoeningstyd van 63% tot 55% gedaal.

Swak geldeenhede, hoë dieselkoste weens voortdurende kragonderbrekings, en probleme om geld uit Mosambiek te kry het Astral se bedrywighede in Zambië en Mosambiek erg geknou.

– CARIEN KRUGER

REGULASIES

## HOENDER NIÉ DUURDER OOR MINDER PEKEL

Die genoteerde hoenderprodusent RCL Foods sê in 'n verklaring die omstrede nuwe 15%-perk op pekelwater gaan nie bevrore hoender duurder maak nie. Hy meen diegene wat sê hoendervleis gaan duurder word, maak staat op die skyn dat die prys per kilogram gaan styg, terwyl 'n mens eintlik meer hoenderstukke per kilogram gaan kry noudat pekelwater gehalveer word.

"RCL Foods het nog altyd gevra vir 'n perk op die inspuiting [van pekelwater], want Suid-Afrikaanse vlakke van pekelwater in bevrore hoenderporsies word nie deur die wetenskap gesteun nie.

"Uitermate inspuiting by die groter vervaardigers ondermyn die integriteit van Suid-Afrikaanse hoender en die bedryf as geheel. Suid-Afrikaanse verbruikers moet weet hulle kry net die pekelwater wat nodig is vir sappigheid – niks meer nie." – JEANNE VAN DER MERWE